Woensdag **22 Mei**

**Skrifgedeelte: Jesaja 66:1-24**

**Fokusgedeelte: Jesaja 66:2, 12, 13**

**Die Voleindingsdag (3) – Ewige troos, ewige straf!**

’n *Vader* is mos iemand wat skep, regeer en in stand hou. ’n *Moeder* is mos iemand wat vertroos, versorg, vrede gee, sus, aanmoedig en nuwe lewe gee. God sê dat Hy tegelykertyd soos ‘n vader en ‘n moeder teenoor die *gelowige* gaan optree.

Die alomteenwoordige HERE spreek as die hemelse Vader – Hý het alles gemaak. “Die hemel is my troon en die aarde my voetbank.”

Twee soorte mense. Eerstens die *goddelose* wat téén God kies (vs 3-6). Die *skynheiliges* vertoon ’n *valse vertroue* op die uitwendige aktiwiteite by die tempel: Vroom word ’n offerlam geslag, maar agteraf word met ’n onrein dier ook gehandel … Hulle *verkies* wat God nie behaag nie. God sê dat Hy dan ook húlle ongeluk sal *verkies*.

Openlike *spotters* spot met die gelowiges: “Vind júlle maar julle vreugde in die Here – julle sal uiteindelik ontnugter word!”

Tweedens is daar die *gelowige* wat uit genade vír Hom kies: Hulle is diegene “wat arm en verslae van gees is, en wat bewe vir my woord”. Op húlle sal die HERE soos ’n liefdevolle *Vader* let!

Die HERE gaan óók soos ’n *moeder* wees (66:7-11). ’n Nuwe lewe (wedergeboorte) gaan soos ’n pynlose geboorte gegee word. Daar gaan vir hulle vreugde, blydskap, jubeling, versadiging, verkwikking en vertroosting wees.

Toekomstige heerlikheid en vrede word na Jerusalem gekanaliseer. Die gelowige sal gedra, gesus en getroetel word soos wat ’n moeder dit aan haar kind doen.

Maar die *goddelose* sal die HERE se vloek, gerigsoordele, vuur, woede, toorn en swaard ervaar (vs 15-17, 24). Tog sal elke knie voor Hom buig. Ewige dood: wurms sal nie ophou om te vreet en die vuur nie ophou om te brand nie!

Van oraloor sal al God se kinders versamel word. Apostels sal die evangelieboodskap van God in Christus bring. Ampsdraers sal aangewys word. Op die nuwe hemel en aarde sal al die gelowiges se name voortbestaan.

Volhard jý maar ootmoedig biddend voor die HERE – jy ís op pad na die vervulling van die Here se beloftes!

*Sing: Psalm 131-1:1, 2, 3*

*Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus)*